# Hoofstuk IV.

## Plattelandse polisie.

### Grenspolisie.

Opstandigheid onder die naturelle op die suid-wes- en suidoosgrens en veral in die Luluberge, het daartoe gelei dat voltydse polisie op die platteland van die Suid-Afrikaanse Republiek in die sewentigerjare in die lewe geroep is.

Op die suidwestelike grens het die verhouding met naturellestamme, binne en ook buite die Republiek, teen die middel van die sewentigerjare sodanig verswak as gevolg van grensgeskille,[1] dat dit nodig geword het om 'n spesiale kommissaris vir die gebied Bloemhof-Lichtenburg-Marico in April 1875 aan te stel in die persoon van C.B. Scholtz wat ook Landdros was van Marico.[2] Aangesien daar nie vir so 'n pos regulasies bestaan het nie, sou die Kommissaris handel volgens spesiale instruksies van die Volksraad.[3] Sy taak was onder andere om die administrasie oor die naturelle in die gebied waar te neem.[4] Die werk het egter gou te veel vir een persoon geblyk te wees en die behoefte aan 'n polisiemag is veral sterk gevoel. In Junie 1876 vra Scholtz dan verlof van die Regering om 'n vrywilligerkorps van omtrent dertig man op te rig om die werk van berede polisie te verrig.[5]

2/...............

---

1) Huyser: a.w., bl. 76.
2) Staatscourant, 17 November 1875.
3) ~~Volksraadsbesluit, art. 185~~ Wet 5/1875, 2 Junie 1875 (Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, bl. 621). Sien hierna bl. 102 e.v.
4) Ibid., art. 1.
5) R.1369/76: Scholtz aan Staatspresident, d.d. Lichtenburg, 12 Junie 1876.

Die korps sou die grense bewaak en selfonderhoudend wees behalwe vir gewere en ammunisie wat die Regering moes voorsien. Die korps is opgerig,[6] maar sake het na ses maande nog nie 'n gunstige wending geneem nie[7] en kon verdere hulp nie van regeringsweë verskaf word nie.[8] Naturelle konstables wat intussen aangestel is, het hulle werk nie bevredigend verrig nie[9] en Scholtz moes hom weer tot die Regering wend vir polisie. Hierdie laaste aanvraag het die Regering op 'n slegte tydstip bereik toe alles in rep en roer was oor die dreigende houding van Shepstone wat op die punt gestaan het om die Republiek te annekseer. Op hierdie tydstip kon die Uitvoerende Raad, wat onbewus was van die werklike doel van die Britse spesiale kommissaris, slegs belowe om aan Scholtz 25 man van die Transvaalsche Jagers of blanke plattelandse polisie, die oprigting waarvan reeds 'n aanvang geneem het, te stuur.[10] As gevolg van die anneksasie sou van hierdie voorneme, wat sake seker baie sou verbeter, niks kom nie. Ook aan Gasibone, een van die Republiek se bondgenote op die wesgrens, is polisie belowe.[11]

Veel meer as op die wesgrens, sou die plattelandse polisiebedrywighede gedurende die laaste jare voor die anneksasie, op die suidoosgrens van die Republiek en die Soutpansberg-area toegespits moes word, waar die onwettige geweerhandel in die sewentigerjare baie toegeneem het. Veral die Bapedihoof,

/.............

6) BB.1260/76: Staatsekretaris aan Scholtz, d.d. 9 Junie 1876.
7) R.3787/76: Scholtz aan Staatsekretaris, d.d. 22 Desember 1876.
8) BB.250/77: Staatsekretaris aan Landdros van Bloemhof, d.d. 19 Januarie 1877.
9) Bloemhof, 2: Brief van Staatsekretaris aan Landdros van Bloemhof, d.d. 12 Januarie 1877.
10) Lichtenburg 1 . Staatsekretaris aan Landdros van Bloemhof, d.d. 22 Maart 1877. Sien hieronder bl.120 e.v.
11) Ibid., 20 Maart 1877.

Sekoekoeni, het hieruit voordeel getrek en kon teen 1873 'n dreigende houding teenoor die Republiek se gesag inneem.[12)]

Geweersmokkelary het vroeg reeds 'n ernstige probleem aan die naturelle-administrasie van die Republiek gebied, aangesien vuurwapens in die vyftigerjare al aan die naturelle verkwansel is. Die erns van die saak is gou besef en die Regering het stappe gedoen om die gevaarlike en onwettige praktyk te bestry.[13)] Die houding van die Regering was in hierdie opsig egter, soos hieronder sal blyk, nie drasties genoeg nie en die winsgewende handel het eerder uitgebrei as afgeneem.

Veral die toenemende houding van onafhanklikheid van Sekoekoeni, het die aanvraag na gewere laat toeneem, sodat die groot aantal delwers in die Lydenburg-distrik, waarvan meeste vreemdelinge was, spoedig die geleentheid aangegryp het om hulself te verryk ten koste van die Regering se gesag oor die naturelle.[14)]

Verskeie amptenare wat beter as die Regering met die toestand van sake bekend was, het pogings aangewend om die toeloop van gewere af te sny. Met die doel om die beheer oor naturelle meer doeltreffend te maak het R. Bell, wat in 1871 as vrederegter van Nieuw Schotland aangestel is,[15)] in 1873, met die goedkeuring van die Uitvoerende Raad, oorgegaan tot die oprigting van 'n vrywilligerskorps.[16)] Die korps sou gebruik word om belasting in te vorder en die suidwestelikegrens

/................

---

12) Otto: a.w. gee 'n breedvoerige beskrywing van die oorlog.
13) Pelzer: a.w., bl. 113.
14) Otto: a.w., bl. 22 e.v.
15) Staatscourant, 31 Oktober 1871.
16) R.315/73: Bell aan Staatsekretaris, d.d. Pretoria, 26 Februarie 1873.

teen onwettige inkomelinge te bewaak. Onder die aanvoering van Bell het die korps veel bygedra om euwels onder die Zoeloes in die Republiek te bekamp.[17] Bell se aanstelling as kaptein van die Nieuw Schotland-Vrywilligerkorps is in 1876 uitgebrei tot die van onderkommissaris van naturelle waardeur aan hom verdere magte vir die aanstelling van polisie verleen is.[18]

Die voorbeel wat gedien het tot die oprigting van vrywilligerkorpse te Lichtenburg en Nieuw Schotland het gekom van soortgelyke liggame wat vroeër in Pretoria en Rustenburg in die lewe geroep is. Die een van Pretoria was die sogenaamde Pretoria Rifle Korps wat in 1865 onder bevel van Stephanus Schoeman gestig is[19] met die doel om Pretoria en omgewing te bewaak[20] en om militêre diens teen naturelle-opstandelinge in Zoutpansberg te verrig.[21] Die Rustenburgse vrywilligers of „Schutters Corps" is in 1872 onder bevel van H.F. Schröder gestig[22] en het daarop aanspraak gemaak dat hulle die persoonlike lyfwag van die nuwe President was van wie hulle die spoggerige titel van „Garde d' Honneur" ontvang het. Beide korpse het deur hulle voorbeeldige dissipline veel bygedra om die orde in hulle respektiewe distrikte te bewaar.[22]

Hierdie twee korpse het ook as prototiepe gedien vir die „Utrecht Frontier Wacht" wat in 1874 in die lewe geroep is.[24] Die organisasie van die Utrecht

---

17) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 18 en 19, 19 Februarie 1873.
18) Sien hierna bl. .
19) Peacock, R.: Die geskiedenis van Pretoria, 1855-1902 (D.Litt.-proefskrif, ongepubliseerd, U.P., 1955 bl. 92-93).
20) Reglemente van die Pretoria Rifle Korps, art. 4 (Staatscourant, 18 Julie 1865).
21) Du Plessis: a.w., bl. 239. Sien ook De Waal, a.w., bl. 46.
22) Staatscourant, 10 September 1872.
23) Pieterse, J.J.: Die geskiedenis van Pretoria tot 1877. M.A.-verhandeling, ongepubliseerd, U.P., 1942, bl. 39.
24) Staatscourant, 10 Maart 1875.

se vrywilligermag, was nie so seer van 'n militêre aard as die van die voorgenoemde twee nie, maar veeleer was dit, soos die te Lichtenburg, 'n berede polisie wat, soos die naam aandui, die Republiek se oosgrens moes bewaak, beide teen Zoeloe-insypelinge en geweersmokkelaars vanaf Natal en die Portugese gebied vanwaar die grootste kontrabandehandel plaasgevind het.[25)]

Dié korps het bestaan uit twee luitenante, vier sersante, vier korporaals en twintig manskappe onder beval van kaptein Solomon Meyer. Hulle het 'n uniform van bruin koordfluweel gedra tesame met 'n leerpet en hoë stewels. Die korps was bewapen met rewolwers en agterlaai-gewere,[26)] 'n artikel wat pas sy verskyning in die Republiek gemaak het. Gereelde skietoefeninge is gehou en die korps was goed „geexerceerd",[27)] alles sake wat tot 'n „esprit d'corps" bygedra het en aan die Frontier Wacht 'n benydenswaardige reputasie besorg het.

Die gedagte om die suidoostelike grens van die Republiek te bewaak was nie nuut nie. Reeds in 1873 blyk die behoefte aan 'n grenspolisie uit 'n versoek van veldkornet P.H. van Rooyen van Utrecht dat vyf „Pollies kaffers" aan hom toegestaan word om aan die smokkelhandel in gewere die hoof te bied.[28)] Die erns van die saak sien ons in die feit dat Van Rooyen onderneem om self naturelle te huur en uit sy eie sak vir hulle dienste te betaal indien sy versoek nie toegestaan sou word nie. Die aanvraag het ook skynbaar nie geslaag

---

25) R.230/77: Bell aan Staatsekretaris, d.d. New Schotland, 5 Januarie 1877.
26) Staatscourant, 10 Maart 1875.
27) R.1679/74: Landdros van Utrecht aan Staatsekretaris, d.d. 4 November 1874.
28) R.464/73: Van Rooyen aan Staatspresident, d.d. Utrecht, 18 Maart 1873.

nie want in dieselfde jaar word 'n soortgelyke versoek van die Veldkornet van Apiesrivier van die hand gewys omdat

> „er niets voor zulke politie magt op de begroting is gesteld." 29)

Die kortsigtigheid van hierdie besluit van die Uitvoerende Raad sou binne enkele jare sy bydrae lewer tot die ondergang van die Republiek nadat die geweersmokkelary eers heeltemal handuit geruk het en die Regering hom daaraan moes troos dat

> „in zoo een nieuwe en groot wyd land het bykans onmogelyk is sulks te vermyden, daar het honderden van Politie zou vereischen om het gehele land te bewaken." 30)

Dat die aanstelling van 'n paar naturellekonstabels sekerlik nie die onwettige handel sou beëindig nie, is seker; die toevoer was daarvoor te wyd versprei. Maar die algehele gebrek aan grenspolisie het aan die begin sekerlik nie die smokkelaars ontmoedig nie.

Bell se korps was ook nie voldoende nie want in 1874 is die versoek vir polisie vanuit Utrecht herhaal, hierdie keer deur landdros Rudolph self, wat polisie-aanstellings namens veldkornet Niebuhr van die wyk Lüneburg aangevra het.[31] Blykbaar het die persoonlike vriendskap wat daar tussen die President en die Landdros bestaan het [32] 'n invloed op die beslissing van die Raad uitgeoefen, maar hoe dit ook al sy, die Regering het hierdie keer die aanstelling van 'n paar konstabels voorlopig goedgekeur.[33] Die aantal polisie onder die

---

29) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 90, 14 Julie 1873.
30) R.2671/75: A. Nellmapius aan waarnemende president P.J. Joubert, d.d. Pelgrims Rust, 22 November 1875.
31) R.641/74: Landdros van Utrecht aan Staatspresident, d.d. 1 Mei 1874.
32) Blykens die gereeldheid en toon van die privaat korrespondensie tussen die twee.
33) BB.711/: Staatsekretaris aan Landdros van Utrecht, d.d. 6 Mei 1874.

veldkornette is geleidelik vermeerder totdat daar teen 1877 'n betreklik doeltreffende organisasie op die grens moes gewees het.[34)]

<u>Voltydse plattelandse polisie</u>.

Na die eerste onsuksesvolle veldtog van Mei tot Augustus 1876 teen die Bapedi, het Burgers 'n aantal vrywilligerkorpse, wat hy met die Cape Frontier Mounted Police vergelyk het,[35)] in die lewe geroep om die stryd teen Sekoekoeni voort te sit. Vrywilligers is in Middelburg, Lydenburg en elders gewerf om twee forte, wat op die grens van die Sekoekoeni-gebied opgerig was, te beman. Die Middelburgse vrywilligers is onder bevel van kaptein Ferreira in Fort Weeber gestasioneer, terwyl Fort Burgers deur die korps van Lydenburg onder kaptein Von Schlickman beman is.[36)] Gedurende die tydperk van gorilla-oorlog wat op die terugkeer van Burgers na Pretoria op 16 Augustus, gevolg het, sou hierdie forte die frontlinie vorm.

'n Tweede linie was egter nodig om die wapenvoorsiening en vyandelikhede wat agter die gevegsfront nog steeds 'n reële bedreiging ingehou het, teen te gaan. In die distrikte naaste aan die gebied van Sekoekoeni, is gevolglik teen die einde van Augustus 1876, onmiddellik na Burgers se terugkoms in Pretoria, sterk polisiemagte op die been gebring onder naturellekommissarisse wat tegelyk ook „Chefs van Politie" was. Hulle sending was van 'n polisie-diplomatieke aard met setelplase in die Zoutpansberg-, Waterberg- en Lydenburg-distrik.[37)] Hulle moes as diplomatieke

---

34) (Utrecht 87). Soos blyk uit die polisiesake van die Landdros van Utrecht 87) en die kassaboek.
35) Burgers aan Barkly, d.d. 24 Oktober 1876 (Barkly en Burgers, Our Just Right, Pretoria, 1876)
36) Otto: a.w., bl. 124.
37) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 127, 31 Augustus 1876.

agente onder die naturelle agter die front optree en 'n isolerende ringmuur om die Sekoekoeni- sweer trek.

Reeds tydens sy besoek aan die goudvelde in Augustus 1873, het Burgers die behoefte aan 'n naturelle-kommissaris vir die gebied ingesien en eerwaarde Merensky vir sy optrede as sulks geloof.[38] In Schoemansdal het J. Albasini sedert die vytigerjare hierdie taak verrig,[39] terwyl A.P. Duvenhage dieselfde gedoen het. In 1864 is ook 'n naturelle-superintendent in Lydenburg aangestel. Hierdie poste het na die naturelle onluste van 1866 feitlik verval.[40] Die Sekoekoeni-oorlog het Burgers finaal laat besluit om die poste weer in te stel.

Dit was nie nodig om van die grond af instruksies vir hierdie amptenare op te stel nie aangesien Burgers reeds in 1873 die naturelle-administrasie deur middel van wetgewing wou verbeter en in die verband 'n voorlopige stel instruksies opgestel het. Hierdie konsepwet „Voor betere behandeling van naturellen saken",[41] wat in Maart 1873 aan die Volksraad voorgelê is, het voorsiening gemaak vir 'n stelsel van blanke beheer oor alle naturellestamme in die Republiek. Hierdie blanke gesagvoerders of „opperbevelhebber der Naturellen" sou deur naturellehoofde bygestaan word en

> „Deze officieren zul als magistraats officieren (optree) en ondersteund zyn met een behoorlyk police force van twee of meer blanken en 20 of meer kaffer polisen naar noodzaakelyk zal worden gevonden worden." 42)

---

38) R.1850/73: Verslag van President Burgers oor sy besoek aan die goudvelde.
39) Vir 'n volledige uiteensetting van die werk van Albasini, sien De Vaal, J.B.: Die rol van Joao Albasini in die geskiedenis van die Transvaal (Argief jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, jaargan 16, deel I, Elsiesrivier, 1953).
40) Van der Walt e.a.: a.w., deel II, bl. 462.
41) Burgerspapiere, band 6.
42) Konsepwet, art. 23.

Burgers kon die Raad ook meedeel wat die koste aan die oprigting van so 'n polisiemag verbonde sou wees. Die inligting is aan hom verstrek deur Oscar Dahl, wat ses maande tevore aan die President en Regering bekend geword het toe hy, as gevolg van gerugte wat die ronde gedoen het dat 'n berede polisiemag opgerig sou word, aansoek gedoen het om as offisier in so 'n diens aangestel te word.[43] Hoewel die Regering op daardie stadium nog nie van plan was om sodanige mag in te stel nie,[44] het die President blykbaar nou aan Dahl gedink vir 'n aanstelling as naturelle-kommissaris. Hy het Dahl dan ook aangesê om na Zoutpansberg te gaan en 'n privaat rapport uit te bring oor die moontlikhede vir die instelling van so 'n bestuur en die koste daaraan verbonde.[45]

Dahl se rapport was gunstig. Hy het gevind dat een offisier of inspekteur, een naturelle-korporaal en vier konstabels teen £1000 per jaar onderhou kon word.[46] Hy het ook van die geleentheid gebruik gemaak om sy aansoek vir 'n betrekking in die polisiediens te herhaal.

Die rapport het die President egter te laat bereik om enige invloed op die saak uit te oefen want reeds op 5 Maart het die Volksraad besluit om die wetsontwerp te beperk tot die aanstelling van 'n kommissaris sonder dat melding gemaak is van sy pligte

---

43) R.1622/72:, O.Dahl aan Staatspresident, d.d. Zoutpansberg, 30 Oktober 1872.
44) Ibid.: kantnota.
45) (Burgerspapiere band 6).: O Dahl aan Burgers, d.d. Spelonke, 16 Maart 1873.
46) Ibid.

of van polisie.[47] Die Uitvoerende Raad is aangesê om 'n geskikte persoon vir die doel aan te stel.[48] Die opdrag het die Regering kort na die oprigting van Bell se vrywilligerkorps bereik en aangesien juis die Natal-grens op hierdie stadium, volgens die bespreking van die Volksraad, die bron van die moeilikheid was, het die Uitvoerende Raad blykbaar in die aanstelling van die korps die oplossing van die probleem gesien. Nogtans is G.M. Rudolph gedurende die loop van die jaar as Zoeloe-agent op die grens[49] en landdros van Utrecht[50] aangestel.

In die Zoutpansberg area was Albasini nog steeds werksaam sodat daar ook nie hier verdere aanstellings gemaak is nie. Alleenlik op die suidwestelike grens, waar toestande later in die jaar kritiek geword het, is S. Melvill in Augustus as „Commissaris" vir die distrik Lichtenburg aangestel[51] om in 1875 deur Scholtz opgevolg te word.[52]

Die belang van Burgers se voorgestelde wet lê egter daarin dat dit as voorganger gedien het vir die instruksies vir die Kommissaris en Onder-Kommissarisse van Naturelle wat in September 1876 uitgereik is.[53] Die algemene gees en opset van die twee stelle kom baie ooreen en albei bevat bepalings vir die aanstelling van polisie om die kommissarisse in die uitoefening van hulle pligte behulpsaam te wees. Volgens die

---

47) Volksraadsbesluit, art. 22, 5 Maart 1873.
48) R.355/73: Sekretaris van die Volksraad aan Staatsekretaris, d.d. 5 Maart 1873.
49) R.543/73: Rudolph aan Staatsekretaris, d.d. Estcourt, 31 Maart 1873.
50) Staatscourant, 24 Desember 1873.
51) Staatscourant, 18 Augustus 1873.
52) Sien hierbo bl. 96.
53) Wet 3/1876 (Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1848-1885, bl. 668).

1876-instruksies sou die onder-kommissarisse die toesig oor bepaalde plattelandse lokasies waarneem[54)] terwyl die kommissarisse in onafgebakende gebiede aangestel sou word.[55)] Beide amptenare sou in die uitoefening van hulle pligte deur naturellehoofde bygestaan word en moes optree as regters en bestuurders onder die naturelle en as „Chefs der Politie" in hulle bepaalde distrikte. In siviele sake was hulle met die gesag van landdroste beklee maar in kriminele sake is hulleoptrede tot polisiebedrywighede beperk.[56)] Van alle vonnisse moes die staatsprokureur in kennis gestel word.[57)] Opvallend is dat burgerpolisiepligte ook op die naturelle binne die Republiek van toepassing gemaak is deurdat bepaal is dat

> „Behalwe de door de Regering aangestelde politiedienaren zal ieder kleurling in groote locatien woonachtig gehouden zyn den Onder-Commissaris te gehoorzamen in het uitoefening van politie dienst."[58)]


Soos in die geval van die blankes, sou ook hulle vir hulle dienste beloon word.

Zoutpansberg.

As kommissaris en Chef van Zoutpansberg is Oscar Dahl aangestel met setelplaas te Marabastad. Vir die Waterberg-distrik sou W. King as onder-kommissaris optree terwyl C. Schultze dieselfde betrekking in die Lydenburg-distrik beklee het.[59)] Kort hierna is

---

54) Ibid., art. 3.
55) Huyser: a.w., bl. 129.
56) Wet 3/1876, art. 6.
57) Ibid.
58) Ibid., art. 50.
59) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 127, 31 Augustus 1876. Dit is nie duidelik of al drie persone onderkommissarisse was nie. Die aanstelling maak alleenlik melding van Commissarissen (Staatscourant, 4 Oktober 1876). Korrespondensie van die Staatsekretaris was deurgans aan King en Schultz as onderkommissarisse gerig en somtyds aan Dahl as sulks. Dit skyn egter dat eersgenoemde twee vir Dahl as hulle senior erken het. Ook was sy salaris hoër as hulle s'n, naamlik £300 per jaar teenoor £240 en £180. Vir die doel van hierdie studie is dit egter voldoende dat al drie Chefs van Polisie met gelyke magte was.




Sketskaart na
Jeppe
Kaart van de Z.A.R.
Pretoria 1899.

kaptein Bell van die Nieu Schotland Vrywilligerkorps bevorder tot onder-kommissaris vir die area noord van Lydenburg.[60]

Dahl se begeerte is dus uiteindelik bevredig en hy is aangestel in 'n betrekking waarvoor hy uitermate geskik was. Uit sy aansoek van Oktober 1872, blyk dat hy heelwat ondervinding van naturelle moes gehad het. Hy het op die oos-grens van die Kaapkolonie in die polisie en leër diens gedoen waar hy as offisier die agting en lof van sy bevelvoerders ontvang het.[61] In Transvaal het hy sy militêre loopbaan tydelik vir die van handelaar in die Zoutpansberg-distrik verruil. Maar sy bekwaamheid as soldaat het veroorsaak dat hy as kommandant van die Sebedela-kommando verkies is tydens die Sekoekoeni-oorlog waartydens hy hom as bevelvoerder van sowat 400 naturelle, onderskei het.[62] Hier was hy in sy element en sy loopbaan in die Kolonie en Transvaal het van hom die aangewese persoon gemaak om as naturelle-kommissaris en Chef van Polisie op te tree.

Toestande in die Zoutpansberg-distrik was inderdaad uiters prekêr en 'n geharde man en kenner van die naturel was baie noodsaaklik. Die opstand van Sekoekoeni het die ander naturelle in die omtrek ten kwade beïnvloed en die tot nou toe ondoeltreffende regs-administrasie oor die gebied het 'n houding van

---

60) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 180, 1 November 1876.

61) R.1622/72: Dahl aan Staatspresident, d.d. Zoutpansberg, 30 Oktober 1872.

62) Burgerspapiere band 6: Notule van die Komitee insake ekspedisie na Sekoekoeni, 7 September 1876. Sien ook Byvoegsel tot die Staatscourant, 18 Oktober 1876.

minagting teenoor die regerings-gesag laat posvat

> „for they are naturally under the impression that justice is not to be had here, that the law is powerless and that they may do as they like." 63)

Een van Dahl se eerste dade was om die omgewing waarin hy as diplomaat en wetshandhawer moes optree, te verken deur 'n besoek aan al die naturellehoofde in sy gebied te bring en hulle te pols oor hulle houding teenoor die Regering en homself. Veral van belang was dat die goedgesindheid van die hoofde in die onmiddellike nabyheid van Sekoekoeni verseker moes word. Een van die uitdruklike take van die naturelle-kommissarisse was trouens om die gesag van die Regering en beskawing onder die naturelle te laat posneem.64) As ons die kritieke toestand waarin die Republiek verkeer het, tesame met die aggressiewe houding van Shepstone en sy ongeloof in die Regering se vermoë om die orde onder die naturelle te handhaaf, in ag neem, kan maklik begryp word dat die kommissarisse die land se belangrikste diplomate in hierdie tyd was. Dit was dan ook met vreugde dat Dahl die Uitvoerende Raad kon laat weet dat meeste van die kapteins in sy gebied die Regering goedgesind was. In hierdie verband noem hy elf name.65) Verder meld hy dat hy gereeld vee van hulle ontvang as geskenke, wat hy dan ôf na Fort Weeber stuur ôf verkoop vir salaris en voedsel vir sy polisie. Hierdie geskenke het inderdaad

---

63) R.1232/76: F. Weatherley aan Staatspresident, d.d. Eersteling, 17 Mei 1876.
66) Instruksie, art. 6.
65) R.3458/76: Dahl aan Staatspresident, d.d. Eersteling, 29 November 1876.

'n oplossing vir 'n tentatiewe probleem gebied. In die eerste plek moes die forte gereeld van nuwe voorrade voorsien word en tweedens het die beeste 'n oplossing gebied vir die lastige probleem van salarisse in 'n tyd toe die soldy van gereelde staatsamptenare al hoe ongereelder uitbetaal is. Ook onder-kommissaris King het sodanige geskenke vir die doel gebruik.[66)]

Dahl het aanvanklik baie moeilikheid ondervind om naturelle as konstabels te werf. Veral was dit die geval gedurende die eerste twee maande na sy aanstelling toe die naturelle nog nie hulle oes ingesamel het nie.[67)] Die feit dat Dahl hom tussen die naturelle gevestig en aldag met hulle hoofmanne in aanraking gekom het, waardeur hy hulle agting gewen het, het 'n taamlike gereelde toeloop van rekrute verseker, veral van die krale van Zebedela,[68)] Ramagoep[69)] en die Spelonke.[70)] 'n Verstandhouding van hierdie aard was baie gewens aangesien daar 'n groot mate van drostery onder die baar naturelle[71)] wat nie aan die blanke se gesag en dissipline gewoond kon raak nie, plaasgevind het. Ongelukkig het die verlies teen die einde van die eerste Republikeinse tydperk die aanwas oorskry. Die gevolg was dat naturelle-korporaals spesiaal vir werwingsdoeleindes afgesonder moes word.[72)]

Die pligte van die polisie onder die kommissarisse was van 'n administratiewe en militêre

---

66) R.2376/76: King aan Staatsekretaris, d.d. Nylstroom, 14 Oktober 1876.
67) R.2894/76: Dahl aan Staatspresident, d.d. Eersteling, 14 Oktober 1876.
68) SS.4908: Dagjoernaal van Dahl, 10 en 11 Januarie 1877.
69) R.3485/76: Dahl aan Staatspresident, d.d. Eersteling, 29 Novembër 1876.
70) Ibid.
71) Ibid.
72) Dagjoernaal van Dahl, 6 Januarie 1877.

aard. Die siviele polisiepligte het ingesluit die insameling van belastings en uitreiking van paste terwyl die meer belangrike militêre sy van die diens belas was met die handhawing van rus en orde agter die onlusgebiede wat deur die twee forte ingesluit is. In hierdie verband moes die polisie naamlik toesien dat Sekoekoeni nie nuwe bondgenote verkry nie terwyl die verbinding met die reeds verkreë bondgenote afgesny moes word. In- en uitsypeling na en van die vyand moes bekamp word.[73] Vir die doel is gereelde patrollies uitgestuur,[74] soms in medewerking van 'n patrollie van een van die forte.[75] Die vyand is ekonomies uitgeput deur dat landerye afgebrand is en vee weggevoer is.[76] Vir hierdie doel was naturellekonstabels nie altyd geskik nie en gou reeds moes Dahl die toevoeging van tien tot vyftien blankes by sy mag aanvra om die verbinding tussen die vyandig gesinde Mapaslela en Maraba te beïndig.[77]

Die waak is gedurende die nag nie verslap nie maar onder dekking van duisternis is verkenning verrig.[78] Daar was ook vir spioenasiewerk 'n plek in die polisie-organisasie te vinde en Dahl meld in sy dagjoernaal dat hy twee konstabels

> „als handels kaffers mat pikken ingestuurt vir Scapen te handelen." 79)

om vas te stel wat Malitzer in die mou voer.

---

73) R.2894/76: Dahl aan Staatsekretaris, d.d. Eersteling, 14 Oktober 1876.
74) Volgens die Dagjoernaal van Dahl.
75) R.3200/76: Komdt. Lewis aan Staatspresident, d.d. Pretoria, 16November 1876.
76) Volgens Dagjoernaal van Dahl.
77) R.2894/76: Dahl aan Staatsekretaris, d.d. Eersteling, 14 Oktober 1876.
78) Dagjoernaal van Dahl, 2 Januarie 1877.
79) Ibid., 21 Februarie 1877.

'n Verdere belangrike taak van die konstabels was om pos te vervoer en as boodskappers te dien,[80] 'n taak waarvoor hulle, weens hulle kennis van die terrein, goed toegerus was. Veral was hulle 'n belangrike skakel met die forte waarmee die verbindings maar taamlik ongereeld was.[81]

Die polisie van die kommissaris kon ook met 'n uniform spog. Volgens die instruksies vir die onder-kommissarisse moes toegesien word dat konstabels

> „gekleed (is) in een eenvoudigen, voor allen gelyken uniform met distinctieve teekenen (vir onder-offisiere)." [82]

Die uniforms het egter gepaard gegaan met 'n behoorlike militêre dissipline en oud-soldaat Dahl het gesorg dat sy konstabels 'n deeglike en voortdurende opleiding ondergaan en tussen hulle baie pligte deur is gereelde oefenige gehou, beide op die paradegrond[83] en in die veld waar hulle geoefen is

> „met schieten van sharps." [84]

Die streng dissipline wat oor die polisie uitgeoefen is het ingesluit dat hulle nie later as 8 n.m. uit die kamp mog beweeg nie,[85] daar dit soms moeilik gegaan het om hulle te beheer.[86] Hulle was met gewere bewapen en het soms onrus onder die blankes in die gebied en veral in Marabastad veroorsaak.

Woensdae was betaaldag en as sulks die hoogtepunt van die week se gebeure wanneer daar geen

---

80) R.3592/76: Posmeester van Marabastad aan Staatsekretaris, d.d. 6 Desember 1876.
81) De Volkstem, 23 Desember 1876.
82) ~~Wet 3/1876, art. 15~~. Instr. vir Onder-Kommss, art. 15 (Staatcour, 13-9-76)
83) Dagjoernaal van Dahl, 28 Februarie 1877.
84) Ibid., 5 Januarie 1877.
85) Ibid., 21 Februarie 1877.
86) Ibid., 28 Februarie.

werk verrig is nie.[87] Dat die onaktiwiteit aan drank toegeskryf kan word is nie onwaarskynlik nie aangesien Dahl dikwels met dronkenskap onder sy konstabels te doen gekry het.

Dahl self het veel gehad om te doen en reeds vroeg moes hynkla dat

„Daag en nacht is ik in zadel om klachte te hooren en twist te bevredigen, en veele maal met groote gevaar." [88]

Hy was egter daarvan bewus dat die prestige van die Republiek op die spel was en veel van sy diplomasie afgehang het. Die blankes in die distrik het sy taak soms onnodiglik bemoeilik deurdat hulle geneigd was om, ouder gewoonte, gesteelde vee self te wil opspoor en met behulp van 'n aantal bure is die dief soms gevang en hardhandig behandel. Aan hierdie wettelose optrede het Dahl paal en perk gestel en die boere daaraan herinner dat sulke sake nie meer die taak van 'n kommando was nie maar sy verantwoordelikheid,[89] te meer onder die heersende omstandighede. Hoewel Dahl, soos hy self gesê het, die hulp van die blankes in die gebied sou verwelkom het, moes alles ordelik en onder sy toesig geskied, anders kon sake handuitruk en die boere hulleself aan ernstige weerwraak blootstel.

Dahl se diplomasie het soms dan ook baie geslaagde resultate gelewer. So was dit byvoorbeeld deur sy toedoen dat Cheuny en Paschlella, twee Bapedi-hoofde,

---

87) Ibid., Die hele dagboek wat oor hierdie periode strek handel oor sake soos patrollies, onderhandelings met naturelle-hoofde, tekort aan polisie ens.

88) R.649/77: Dahl aan Staatsekretaris, d.d. Eersteling, 28 Desember 1876.

89) De Volkstem, 27 Januarie 1877.

wat in 'n ou twis gewikkel was, versoend geraak het,[90] as gevolg waarvan aan Dahl volmag verleen is om namens die Regering vrede te sluit.

Waterberg.

Wat die polisiediens in die Waterberg-distrik betref, het die Landdros reeds in Mei 1875 van die Uitvoerende Raad magtiging ontvang om

„Twaalf goed gewapende Rydende Politie"

aan te stel om die geweerhandel te beheer en belastings in te vorder.[91] 'n Jaar later is 'n uitbreiding van die mag gevra waarop Burgers kon antwoord dat kaptein King spoedig na Waterberg gestuur sou word as Chef van Polisie.[92]

King, wat sy hoofkwartier te Nylstroom gestig het, was uit die staanspoor ongelukkig in sy werk. Ook hy was nie die las van verkryging van konstabels gespaar nie en het voortdurend geagiteer vir die aanstelling van 'n blanke polisiekorps. Hoewel sy werk nie so gewigtig as Dahl s'n was nie en hy gevolglik skynbaar oor 'n kleiner polisiemag beskik het, moes King nogtans kla dat daar nie eens genoeg konstabels was om gesteelde vee terug te vind nie.[93] Hy het sy lot nie alleen by die Uitvoerende Raad bekla nie maar ook by die forte vanwaar hy blykbaar hulp ontvang het, want in Januarie 1877 kon hy aan die Regering skryf dat hy met die „volunteer Force at my disposal"[94] .

---

90) Ibid.
91) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 128, 6 Junie 1875.
92) Waterberg, 1: Burgers aan Landdros van Waterberg, d.d. 6 Augustus 1876.
93). R.3649/76 en R.3598/76: King aan Staatsekretaris d.d. Nylstroom, 21 en 27 Desember 1876 onderskeidelik.
94 ) R.336/77: King aan Staatsekretaris, d.d. Waterberg, 23 Januarie 1877.

die geskille tussen die naturelle in sy gebied, met wie hy daagliks gebots het,[95] opgelos het.

King het nie die diplomasie van Dahl aan die dag gelê nie en was soos hierbo, geneig om geweld onnodiglik te gebruik. Hierdie feit, tesame met sy voortdurende twiste met Dahl, waarin hy sy senior nou aankla van inmenging in sy sake[96] en dan van onbehulpsaamheid[97] en daarna sy voorneme te kenne gee dat hy onafhanklik van Dahl gaan handel,[98] het veroorsaak dat die Regering aanvanklik nie geneig was om aan sy pleidooie vir 'n blanke mag gehoor gegee het nie. Wel is 'n spesiale-kommissaris vir Waterberg benoem in die persoon van C. Moll[99] om King behulpsaam te wees en as sy onmiddellike hoof op te tree. Nogtans het King sy pleidooi vir blanke polisie nie verslap nie en in Maart skryf hy op oortuigende wyse aan die Uitvoerende Raad dat

> „If 12 men were stationed here, they would be able, not only to pay the Govt. for all expenses incurred by collecting taxes from the kaffers and enforcing the laws by patrolling the country and arresting all kaffers without passes for fines etc. but would be the means of ensuring tranquility in the district."[100]

Na sy mening sou die teenwoordigheid van so 'n mag 'n grootskaalse blanke nedersetting in die distrik aanmoedig, en om sy saak verder te sterk, sluit King af deur die name van twee blankes te noem wat hulle pas in die distrik gevestig het en gewillig sou wees

---

95) R.2240/76: Landdros van Nylstroom aan Staatspresident, d.d. 19 Augustus 1876.
96) R.3485/76: Dahl aan Staatspresident, d.d. Eersteling, 29 November 1876.
97) R.3297/76: King aan Staatspresident, d.d. Nylstroom, 19 November 1876.
98) R.336/77: King aan Staatsekretaris, d.d. Waterberg, 23 Januarie 1877.
99) Staatscourant, 31 Januarie 1877.
100) R.920/77: King aan Staatspresident, d.d. Waterberg, 1 Maart 1877.

om in die polisiediens opgeneem te word. Die enigste onkoste aan so 'n onderneming verbonde sou die verskaffing van gesoute perde deur die Regering wees. Moll moes King in sy bevindings gelyk gee en het ook gevind dat drie naturellepolisie wat in diens was, te min was.[101]

Watter invloed hierdie laaste aanbevelings en mededelings op die Uitvoerende Raad uitgeoefen het, is moeilik om vas te stel aangesien die Regering hier, soos in die geval van Lichtenburg, feitlik deur Shepstone se eise gedwing is om sy beleid ten opsigte van die plattelandse polisiewese te hersien. Hoe dit ook al sy, King is in kennis gestel dat ook hy met blanke polisie voorsien sou word sodra die Transvaalsche Jagers oopgerig is.[102] Ook hierdie voorneme sou deur die anneksasie in die wiele gery word.

<u>Lydenburg</u>.

Onder-kommissaris Carl Schultze se kantoor was gevestig in die stat van Botsabela naby Middelburg vanwaar hy die suidelike waak moes waarneem. Hy was voor sy aanstelling as onder-kommissaris 'n heemraad van Lydenburg en het 'n geringe aandeel in die administrasie van die goudvelde gehad.[103] Sy ampstermyn was van korte duur en reeds in Januarie 1877 het hy, nadat hy feitlik niks tot stand gebring het nie, sy betrekking neergelê as protes teen wat hy

---

101) R.891/77: Moll aan Staatspresident, d.d. Nylstroom, 2 Maart 1877.
102) BB.882/77: Staatsekretaris aan King, d.d. Pretoria, 21 Maart 1877.
103) Staatscourant, 22 September 1875.

moedswillige inmenging deur veldkornette in die sake van Mapoelana, 'n bondgenoot van die Republiek, genoem het.[104)] Hierteen het Dahl ook reeds gekla.[105)] Maar ook Schultze het nie bedank alvorens hy nie 'n klagte geloods het teen die salaris en onverkrygbaarheid van konstabels nie.[106)] Weens die gespanne toestand waarin die Republiek vanweë die besoek van die spesiale kommissaris en die spoed wat vereis was om die onafhanklikheid van die Republiek te probeer red, verkeer het, is die pos nie gevul nie.

Nieu Schotland.

Anders as die ander Kommissarisse, was Bell veel meer op aksie as op diplomasie aangewys. Daar was in sy area nie sterk naturellehoofde waarmee Sekoekoeni 'n bondgenottskap kon aangaan nie, maar wat die geweerhandel aanbetref, was King se taak die moeilikste. Sy aanstelling as onder-kommissaris het magtiging meegebring tot die aanstelling van 'n luitenant en vier konstabels.[107)] Laasgenoemde se pligte was dieselfde as die van 'n sersant of hoofkonstabel en hy het sy offisiersrang blykbaar te danke gehad aan die voorbeeld

---

104) R.297/77: Schultze aan Staatspresident, d.d. Lydenburg, 15 Januarie 1877.

105) R.881/77: Dahl aan Staatspresident, d.d. Eersteling, 22 Januarie 1877.

106) R.2937/76: Schultze aan Staatsekretaris, d.d. Middelburg, 23 Oktober 1876.

107) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 180, 1 November 1876. Daar is geen aanduiding dat Bell direkte beheer oor die konstabels wat op die grense onder veldkornette werksaam was, verkry het nie. Wat naturellesake aanbetref, was die veldkornette egter moontlik aan hom onderhorig. Die algemene beheer oor die polisie in dié area was skynbaar deur Rudolph waargeneem (Utrecht : Rudolph aan Staatsekretaris, d.d. Utrecht, 7 Maart 1874).

van die aanstellings in die Vrywilligerkorpse tydens die Sekoekoeni-oorlog.

Gewere is veral vanuit Natal en Portugese gebied ingesmokkel en Bell moes, met die polisie en vrywilligers tot sy beskikking, 'n wal tussen Sekoekoeni en sy voorsieners opwerp. Vir hierdie doel kon geen beter hoofkwartier as die goudvelde, wat as vernaamste afsetgebied gedien het, gevind word nie. Hy het trouens geweet wie die voorbokke was maar kon, weens die gewone gebrek aan polisie, min uitrig.[108)] Konstabels wat gestuur is om die geweertoeloop te ondersoek, het berig dat die handel op groot skaal plaasvind en dat blankes vanaf Delagoa-baai en Zoeloeland daarvoor verantwoordelik was.[109)] Om, ten spyte van hierdie kennis, niks te kon uitvoer nie, was uiters frustrerend, te meer nog daar Bell nie op die goudvelde spesiale polisie kon werf nie. Wanneer hy wel 'n „pose" op die been kon bring, het die smokkelaars eenvoudig oor die Zoeloelandgrens gevlug, waar hulle veilig was teen die gesag van die Regering en Bell hulle nie kon bereik nie.

Bell sien die oplossing van die probleem in die oprigting van 'n sterk berede polisie om die grense, wat hy as die bron van die kwaad beskou het, te bewaak, eerder as om die oortreders op die uitgestrekte binnelandse gebied te probeer opspoor. Bell het die

---

108) R.230/77: Bell aan Staatsekretaris, d.d. Nieu Schotland, 5 Januarie 1877.
109) Ibid.

Uitvoerende Raad aangeraai om hom te beywer vir die oprigting van 'n goeie naturellemag vir hierdie doel eerder as 'n blanke polisie, waaraan die onkoste te groot sou wees en buite die bereik van die staatskas. Die mag moes bestaan uit sowat twintig konstabels onder inspekteurs (op voorbeeld van die aanstelling van Barter?) met stasies te Nieu Schotland, Utrecht en Marthinus Wesselstroom. So 'n mag sou 'n

> „most deterent effect on criminals of all sorts" (hê) 110)

Hierdie was die derde aanvraag vir 'n verbeterde polisiediens wat deur die anneksasie in die wiele gery is.

.......................

Sover dit die polisiediens op die platteland aangaan, was die aanstelling van naturelle-kommissarisse en chefs van polisie, 'n kerngesonde onderneming. 'n Verbetering het dan ook ingetree maar die druk waaronder die nuwe en onbeproefde stelsel in werking moes tree, het algehele sukses gedurende die ses maande van die bestaan daarvan voor die anneksasie, onmoontlik gemaak. Selfs al sou die diens deur die toevoeging van blankes uitgebrei en verbeter kon word, sou daar nie tyd gewees het om die stelsel op 'n hegte voet te stel nie.

---

110) R.367/77: Bell aan Staatsekretaris, d.d. Nieu Schotland, 13 Januarie 1877.

Dat die organisasie, selfs in hierdie beginstadium, 'n reuse onderneming was, blyk uit die feit dat daar gedurende die eerste vier maande na die instelling van die diens £1600 aan polisie onder die naturelle-kommissarisse uitgegee is teenoor £2625 vir die polisiewese in die res van die Republiek vir die hele diensjaar 1876-1877.[111)]

Naturellesake het volgens 'n besluit van die Volksraad van 2 Maar 1877, 'n selfstandige departement geword.[112)] Hierdie reeling sou egter eers onder die Britse bewind in werking kon tree.[113]

Die plattelandse polisiediens in die gedrang op die vooraand van die anneksasie.

Een van die „griewe" waarna Shepstone in die Suid-Afrikaanse Republiek kom „ondersoek" instel het was die sogenaamde gebrek aan 'n polisiemag, veral op die platteland en in besonder die oosgrens waar

> „the large native populations within the boundaries of the state ignore it's authority and laws."[114)]

Ook in sy toespraak voor die Volksraad op 26 Januarie 1877 beweer hy dat

> „de toestand van zake in de Transvaal van dien aard is, dat het de vraag wordt of de blank de kaffer zullen regeren of de kaffers de blanken."[115)]

Sir Bartle Frere skryf in 1879 aan sir Michael Hicks-Beach dat die algehele afwesigheid van 'n bevoegde polisiemag een van die grooste gebreke in die Republikeinse

administrasie /....

---

111) Uitgawes 1876-1877 (Ongedateerde Byvoegsel tot die Staatscourant 1876).
112) Volksraadsbesluit, art. 24, 2 Maart 1877.
113) Huyser, a.w., bl. 129.
114) Shepstone aan Carnarvon, 6 Maart 1877, (Aangehaal in Nixon, J.: The complete story of the Transvaal, Londen, 1885, bl. 48).
115) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 17, 26 Februarie 1877.

administrasie was. Hy skryf dit toe aan die „primitive society" van die Transvalers.[116] Die feit dat die Regering hierdie tekortkomings, veral wat die platteland betref, besef het, is maar al te duidelik bewys deur die destydse aanstellings van Chefs van Polisie. Die instelling van hierdie amp het die diens reeds baie verbeter en die toevoeging van blanke polisie sou die diens 'n hegte en doeltreffende voorkoms gegee het. Shepstone se motiewe is egter welbekend en Frere se uitlatings was daarop gemik om steun vir die oprigting van sy eie „protective, preventive en detective" polisiemag vir Transvaal te verkry,[117] sodat die uitlatings van hierdie Britse bewindhebbers op die minste as 'n growwe oordrywing van die werklike toestande beskou moet word.

Dit was dan ook gou duidelik dat Shepstone geen gronde vir sy beweerde griewe gehad het nie en as nuwe set het hy verklaar dat die administrasie van die Republiek nie na wense was nie. Gevolglik was die Volksraad genoodsaak om die volgende veranderings in die Grondwet aan te bring:

> „Een verandering in de zamestelling van de Uitvoerende Raad, Hervorming van de Regtswese, Het daarstelling van een voldoende politie magt en Het daarstelling van distrik rade en gemeente bestuure.[118]

Ten einde die onafhanklikheid van die Republiek te behou is 'n komitee van die Volksraad op 5 Maart benoem

om/....

---

116) Vorster, J.A.: Die Engelse Administrasie van die Transvaal gedurende die Eerste Anneksasie periode, 1877-1881 (M.A.-verhandeling, ongepubliseer, U.P., 1951, bl. 51).
117) S.S.2740: Lanyon aan Lord Kimberley, dd. Pretoria 12 Oktober 1880.
118) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 64, 6 Maart 1877, en Volksraadsbesluit, 6 Maart 1877.

om tesame met die Uitvoerende Raad die Grondwet te hersien,[119] 'n taak wat nog altyd sedert die presidentskap van M.W. Pretorius uitgestel is.[120] Reeds tydens 'n onderhoud tussen die Uitvoerende Raad in die Spesiale Kommissaris op 1 Maart, het Paul Kruger toegegee dat daar 'n behoefte aan 'n beter plattelandse polisiediens bestaan het en gevoel dat:

> „er stof kon gevonden worden voor een sterke politie magt binne de Republiek en die altyd kon gebruik worden behalve in zeer ernstige gevallen wanneer alleen de boeren zullen benodigd zyn. Indien dit het hoofdpunt uwer bezwaren is, kan het te boven worde gekomen door een sterk politie"[121]

Shepstone het egter nie met Kruger saamgestem nie en die eise wat hy gestel het as onuitvoerbaar beskou. Vol vertroue skryf hy op 6 Maart aan Carnarvon dat

> „Mr. Burgers appeared sanguine that he could carry these changes through the Volksraad, and that if he did he would be able to right the state; I told him, however, that I could not share his anticipation as to either result."[123]

Shepstone het egter die skeppingsvermoë van die Volksraad onderskat en sou in sy voorspellings teleurgestel word, want reeds die volgende dag was die Grondwet, op aanbeveling van die kommissie sodanig gewysig dat dit aan Shepstone se eise voldoen het. Die algemene bestuur van die landsadministrasie is in afsonderlike departemente verdeel, elk met sy eie „secretaris van staat" wat, as hoof van die departement, ook lid van die Uitvoerende Raad sou wees. Een van hierdie departemente was Polisie-

Krygswezen /....

---

119) Volksraadsbesluit, art. 27, 5 Maart 1877.
120) Engelbrecht: a.w., bl.275.
121) R.868/77: Notulen van vergadering van Speciale Commissaris met Uitvoerende Raad, 1 Maart 1877.
12 ) Nixon: Ibid., bl. 50.

Krygswezen.[123] In dieselfde sitting van die Volksraad is daartoe oorgegaan om die Polisie-Krygswese as volg nader te omskryf.

> „Behalwe de gewapende burgermagt in tyde van onlusten of oorlog op te roepen, bestaat er een algemeene landspolitie en een corps artillerie te zamen minstens een honderd vyf en twintig (blanke) manschappen sterk waarvoor telken jare een vaste som op de begrooting staat uitgetrokken wordt."[124]

Hierdie sou die eerste keer wees dat 'n afsonderlike begroting vir 'n selfstandige polisie-departement gemaak kon word.

Die militêre karakter van die plattelandse polisie onder die Naturelle-Kommissarisse het skynbaar invloed op die samekoppeling van die polisie met die staande krygsmag uitgeoefen en was die begin van die militêre oorheersing van die plattelandse polisie wat tot in die negentigerjare sou voortduur,[125] want hoewel die anneksasie die totstandkoming van hierdie mag sou vertraag, is die organisasie eenvoudig na 1881 voortgesit en met die oprigting van 'n plattelandse polisiemag is aangegaan waar hier opgehou is.

Nadat die Volksraad die oprigting van 'n landspolisie goedgekeur het, is die verdere organisasie van die mag aan die Uitvoerende Raad oorgelaat wat onmiddellik oorgegaan het tot die praktiese uitvoering van die nuwe bepalings /....

---

123) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 9 en 10, 7 Maart 1877, (Locale Wetten der Zuid-Afrikaanse Republiek, 1845-1885, bl. 681).
124) Volksraadsbesluit art. 19, 7 Maart, 1877. Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1854-1885, bl. 682). Die getal was in 1881 nog minstens 125 man. (Wet 3/1881, Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1845-1885, bl. 1027).
125) Sien hierbo bl. 26.

palings van die Grondwet deur meer bepaalde reglemente vir die polisie daar te stel.

In hierdie opsig het Burgers die grootste ywer aan die dag gelê en met die tyd as sy grootste vyand, die hele saak van die oprigting van die mag in een sitting van die Uitvoerende Raad afgehandel. Hy het begin deur aan die Raad voor te stel dat

> "er zonder verzuim eene algemene landspolitie onder den naam van Transvaalsche Jagers zal worden opgericht."[126]

Die President het ook reeds geweet wie as offisiere aangestel moes word. Kaptein-Kommandant van die Jagers sou wees G. van Deventer met H.H. Raaf en D. Borel as luitenante.

Van Deventer het reeds vroeër in die jaar 'n belangstelling vir polisie getoon toe hy 'n pleidooi van Onder-Commissaris King van Waterberg om 'n blanke polisiemag vir die distrik[127] ondersteun het. By hierdie geleentheid het hy ook by die Staatspresident aansoek gedoen om as bevelvoerder van so 'n mag aangestel te word.[128]

Die aansoek het beslis op 'n geleë tydstip gekom en Burgers het nie geaarsel om vir Van Deventer, wat reeds 'n aansienlike reputasie as bevelvoerder van Fort Weeber verwerf het,[129] aan te beveel vir die pos nie. Hy is per brief ingelig oor die verwikkelinge en aangesê om so spoedig moontlik na Pretoria te gaan.[130] Voor sy vertrek van Fort Weeber moes hy so veel moontlik van sy

korps /....

---

126) Uitvoerende Raadsbesluit, art. 70, 12 Maart 1877.
127) Sien hierbo bl. 113.
128) R.917/77: G. van Deventer aan Staatspresident, dd. Nylstroom, 2 Maart 1877.
129) De Volkstem, 11 April 1877.
130) BB.764/77: Staatsekretaris aan G. van Deventer, dd. Pretoria, 10 Maart 1877.

korps as vrywilligers vir die nuwe diens saambring. Hy moes in sy keuse met spoed en oorleg te werk gaan.131) Dit was nog steeds 'n wedloop teen tyd en die ongeduldige Shepstone moes getoon word dat die Transvaalsche Jagers nie net in die Grondwet of reglemente bestaan het nie, maar ook spoedig 'n werklikheid kon word.

Intussen het die Volksraad met vreugde van die vordering wat met die oprigting van die korps gemaak is, kennis geneem.132)

Op die sesde April het Van Deventer met die eerste vyf-en-twintig vrywilligers vanaf Fort Weeber in Pretoria aangekom terwyl nog vyf-en-twintig op pad was,133) sodat bykans helfte van die sterkte van die departement Polisie-Krygawese reeds in diens kon tree. Al vyftig was eertydse Middelburgse Vrywilligers.134)

Enkele dae na die aankoms van Van Deventer is die „Reglementen voor de Corps Landspolitie" op 9 April deur die Uitvoerende Raad goedgekeur.135) Hiervolgens sou die Transvaalsche Jagers bestaan uit 'n kaptein, drie luitenante en eenhonderd manskappe. Hulle sou voorsien word van wapens en ammunisie en 'n uniform. Die salaris van die bevelvoerder sou £300 per jaar wees en die van die luitenante £250 elk terwyl die manskappe elk £150 plus 1/- per dag vir voer vir hulle perde sou ontvang.
J.C. Juta is as sekretaris van staat vir die Polisie-

Krygswese/....

---

131) BB.775/77: ibid., dd. 12 Maart 1877.
132) Volksraadsnotule, art. 17, 11 Maart 1877.
133) De Volkstem, 11 April 1977.
134) Tromp, T.M.: Herinneringen uit Zuid-Afrika. Leiden, 1879, bl. 50).
135) UR.5: Uitvoerende Raadsbesluit, art. 3, 9 April 1877. Sien Bylaag 3.

Krygswese aangestel.[136] Die manskappe sou self vir perde en provisie moes sorg en die dienstyd is vasgestel. op een jaar.

Die vernaamste tekortkoming van hierdie regulasies, soos die op die Lydenburgse goudvelde, is dat dit geen dienspligte omskryf nie. Sake soos die onderhorigheid van manskappe aan offisiere, strafbaarheid vir oortredings, verhoor en ander dissiplinêre maatreëls word slegs aangeraak. Al hierdie sake dui op die haas waarmee die instruksies opgestel was waardeur alleen die raamwerk van die organisasie aan die lig gebring is. Die onnoukeurigheid wat die gevolg was van hierdie haas kan daarin gesien word dat die reglemente slegs twee-en-twintig openings, van die minimum getal van 125 vir die gesamentlike Polisie-Krygswese, vir die artillerie oopgelaat het, as ook in die feit dat die kaptein elke drie maande aan die Regering verslag moes doen oor die toestand van diekkorps terwyl die sekretaris van staat vir die Polisie-Krygswese in hierdie verband heeltemal oor die hoof gesien is,

Hoe dit ook al sy, die Regering het die taak wat deur Shepstone opgelê was volvoer en die Britse gesant wat sy laaste geleentheid vir 'n geregverdigde anneksasie uit sy hande sien glip het, het nou beweer dat die Regering te swak was om die wysigings in die Grondwet behoorlik in werking te stel en twee dae nadat die eerste Transvaalsche Jagers op 10 April ingesweer is,[137] het hy Transvaal formeel geannekseer.

Dat Shepstone nie werklik die oprigting van 'n

landspolisie/....

136) Staatscourant, 7 April 1877.
137) De Volkstem, 11 April 1877.

landspolisie nodig geag het nie en dat sy aandrang op die oprigting daarvan slegs 'n verskoning was om Transvaal as swak voor te kan hou, is daarin oortuigend bewys dat die elemente van die korps wat nie na die anneksasie bedank het nie,[138] na 'n onaktiewe bestaan van twee en 'n half maande deur Shepstone self op 1 Junie afgedank is.[139]

Die les van die Transvaalsche Jagers het egter nie vir die Republiek verlore gegaan nie, en die polisiediens op die platteland wat per slot van rekening die enigste deel van die staat was waar die polisiediens nie bevredigend was nie, is onmiddellik na die herstel van die Republiek in 1881, opgerig op die model van die Jagers. Daar het lank reeds ontevredenheid by die Volksraad bestaan oor die ondoeltreffendheid van hierdie gedeelte van die polisiediens[140] en die Sekoekoenioorlog het reeds 'n polisieorganisasie onder die Chefs tot gevolg gehad, 'n diens wat waarskynlik, as gevolg van die agitasie van hierdie hoofde, binne afsienbare tyd uitgebrei sou gewees het. Dit kan dus met veiligheid beweer word dat Shepstone se inmenging slegs die saak verhaas het.

Besluit oor die tydperk tot 1877.

Gedurende die tydperk voor 1877 het daar dan in die Transvaal die kern van die latere gesiene en doeltreffende ZARPS (Zuid-Afrikaanse Republiek Politie) ontstaan en 'n geleidelike dog onbevredigende ontwikkelingsgang

deurgemaak/...

---

138) Ibid., 2 Mei 1877.
139) Ibid., 6 Junie 1877.
140) Volksraadsnotule, art. 28, 6 Maart 1877.

deurgemaak.

Wat egter van belang is is dat die twee afdelings van die diens wat na 1881 sou bestaan, reeds in hierdie tydperk na vore getree het. Die dorpspolisie wat die eerste in die lewe geroep is, het 'n geleidelik onder plaaslike administrasie en allerlei finansiële en organisatoriese stremminge vooruit gegaan om later op redelik doeltreffende wyse in dorpsbehoeftes te voorsien. Weens gebrek aan 'n samebindende sentrale administrasie kon hierdie diens nie veel vordering maak nie. Aan die ander kant is die polisiewese op die platteland onder noodtoestande feitlik oornag in die lewe geroep. Hierdie omstandighede het 'n bekwame hoofskap vereis, maar die druk waaronder die opbou moes geskied het nie geleentheid vir organisasie en opbou gelaat nie, veral as ons onthou dat die diens maar vir ses maande onder die Republiek bestaan het.

Die vernaamste tekortkoming op die dorpe was dus dat die diens, hoewel dit reeds 'n onlosmaakbare deel van die dorpsbestuur uitgemaak het en daar ingeburger was, nie gesentraliseerd was nie. Aan die ander kant was die plattelandse diens wel onder 'n deeglike stelsel van area-hoofde ingedeel, terwyl daar vir 'n georganiseerde korps op militêre lees geskoei met 'n sekretaris van staat aan die hoof, waardeur die korps direk in die Uitvoerende Raad verteenwoordiging sou verkry, op die vooraand van die anneksasie, voorsiening gemaak is. Hoewel die diens dus hier gesentraliseerd sou wees en reeds onder die naturelle-kommissarisse onder deeglike beheer was, was daar hier, in teenstelling met die dorpe, nooit geleentheid vir praktiese ontwikkeling nie.

Veral /....

Veral die algehele gebrek aan blanke polisie is sterk gevoel. Hierbenewens is die diens nie in alle dele van die Republiek ingestel nie sodat die veldkornet nog nie van sy polisiepligte vrygestel kon word nie.

In beide gevalle was dit alleen as gevolg van finansiële tekortkominge en nie deur enige kortsigtigheid van owerheidsweë nie, dat die polisiewese in die Suid-Afrikaanse Republiek voor 1877 nooit die kinderskoene ontgroei het nie.

Tevergeefs het landdroste en naturelle-kommissarisse die Regering probeer beweeg om die diens uit te brei en te verbeter en die Uitvoerende Raad kon alleen met spyt daarop wys dat die landsfinansies geen uitbreiding van die polisiewese toegelaat het nie en dat gewag moes word totdat geldelike toestande verbeter.[141)]

Shepstone se bewering dat die land te swak was om die diens uit te brei moet dus, uit finansiële oogpunt beskou, as gegrond aangeneem word, ten spyte van die optimisme van die Volksraad in die verband.[142)]. Shepstone se besware teen die organisasie van die samestelling van die Uitvoerende Raad wat die instelling van die Sekretarisse van staat tot gevolg gehad het, het beslis vir die Republiek 'n les van administrasie en organisasie ingehou wat nie na 1881 verlore sou gaan nie. In hoeverre Shepstone self 'n verbetering in die polisiediens gebring het, sal in die laaste hoofstuk bespreek word.

---

141) BB.488/77: Staatsekretaris aan Bell, dd. Pretoria, 7 Februarie 1877.
142) Volksraadsnotule, art. 28, 6 Maart 1877.